Die Groot Evangelie van Johannes - Boek 11 - Abba Vader aan Leopold Engel gedikteer deur die Innerlike Woord

Oor die dood van die Meester

**Hoofstuk 75** (**vervolg**) [9] Elohim was, voordat die inkleding in die vlees as JaHshua plaasgevind het, onpersoonlik.* Daarom kon niemand Hom ook aanskou nie, maar alleen Sy Wese voel, wat hy natuurlik maar net as Lig merkbaar kon maak, omdat **Elohim in Homself suiwer lig is, wat Sy strale uitstuur**. Maar waar lig is, is dit orals; dit deurstroom alles en wek alles tot lewe. Die onpersoonlikheid van Elohim veronderstel egter nie één punt van uitstraling, soos vanuit `n son nie, maar `n see van lig, waarin geen konsentrasie is nie. Diegene wat geestelik tot die goddelike Wese deurdring, kan die goddelike Wese dus ook nie anders gewaarword as `n lewe in die lig, wat swewe en rus in die lig, wat uiteindelik één word met die lig. Toe die mens JaHshua nou die personifikasie van Elohim geword het, was die ervaar van die Godheid vir diegene wat Haar genader het, baie anders - eenvoudig die nader van die een mens tot die ander. Derhalwe het die ou sieners gelyk; maar die nuweres, wat volgens My leef, het eweneens gelyk. *\*(Voor Sy menswording in JaHshua het Elohim in `n ontoeganklike lig gewoon en **was vir geen enkele geskape wese sigbaar nie. Selfs die mees reine engelgeeste kon die Godheid nooit anders gesien het as `n son nie** (Die geistige Sonne, deel 2/13:7). In Sigself en op Sigself is Elohim egter van ewigheid af aan `n mens (Die Groot Johannes evangelie, deel 6/88:3) na Wie se ewebeeld die mens deur Hom geskape word. (Genesis 1:27. Die Huishouding van Elohim, deel 2/139:20 en 138:26. Aarde en maan 54:9. Die Groot Johannes evangelie, deel 1/1:13-16; 2/144:4; 4/88:7; 5/70:3; 6/135:1 en 230:6; 7/121:3 en 219:11; 8/24:6; 9/58:7)*

[10] Na die val van Lucifer, toe die materiële wêreld homself gemanifesteer het, was die geestelike son weliswaar geskape as setel van die Godheid; maar ondanks alles was dit nie as `n op sigself staande konsentrasie op te neem nie. **Die lig was in die geestelike wêreld orals,** en die geestelike son het vir die liggaamlike mens, solank sy siel aan die liggaam gebonde was, vóór My aardse lewe nie sigbaar geword nie. Die sigbaar word daarvan was `n bekroning van die geloof van die geestelike wesens; want eers vir hulle was die son sigbaar - **maar nou ook vir die mens wat in My glo, sodra sy geestelike oog geopen word**, omdat die mens JaHshua op elke oomblik Sy hele ryk kan onthul aan almal wat in Hom glo.

[11] Nou is dit nog die vraag: Waarom vind mens in die ou gelowe dieselfde grondtrekke?

[12] Vir iemand wat hierdie onthullings begryp het, sou dit maar net verwonderlik wees as dit nie so was nie; want as hierdie ou gelowe voorlopers was van die leer van die Menseseun en Elohimseun, dan moes hulle ook die grondtrekke daarvan bevat; hulle kon geen dinge bevat wat daarvan verskil nie. Dat die lewe van die afsonderlike leraars wat opstaan, ook ooreenkomste vertoon met die van My, berus op dieselfde grondslag.

[13] As die Oud-Egiptiese geloof geheel en al bekend sou gewees het in haar oudste grondtrekke, wat deur die latere godekultus slegs vervaag na die huidige tyd gekom het, dan sou mens gesê het: Die Christelike geloof is aan die ou Egiptiese geloof ontleen - so sterk lyk hulle na mekaar, veral wanneer mens die wesenlike trekke van **Osiris, Isis en Horus** noukeurig in hulle **aanvanklike oerbetekenis** sou ken.

[14] In hoeverre het Ek egter geslaag om die boom van sondes te breek en nie net deur die blaredak heen te breek nie?

[15] In die eerste plek moet elkeen hom eers goed afvra wat dit wil sê om te "sondig"!

[16] Menigeen sal sy antwoord vinnig gereed hê en sê: **Sonde is alles wat in stryd is met Elohim se wil!** - Dit is wel waar. Maar wat is Elohim se wil eintlik, en hoe herken die mens dit, as hy nie eers in Elohim glo en nog baie minder Sy wil erken nie?

[17] Dan moet daar vanuit die menslike lewe geoordeel word. - Sondig teenoor Elohim kan niemand, **as hy Hom nie leer ken het nie**. Netso min as wat iemand hom sal vererg vir `n blinde wat beweer dat daar geen lig is nie, net omdat hy dit nie sien nie, sal Elohim druk uitoefen op diegene wat Hom uit onverstand nie ken nie. Maar `n blinde kan wel sy buurman of iemand anders - wat hy weliswaar ook nie sien nie, maar wel hoor en voel, en wie se dadelik voelbare weldade hy kan ontvang - beledig, wanneer hy hom op die een of ander manier teen hom verset. **Hy kan teen sy liefde sondig**; want ondanks sy blindheid kan hy hom nie afsluit vir die feit dat die een bestaan nie.

[18] So is dit ook met `n geestelike blinde, wat baie seker teen die gebod van die naasteliefde kan sondig, ook as hy Elohim nie ken nie. **Die naasteliefde is die weg na die liefde tot Elohim** - dit is al baie uitgelê.

[19] Omdat die mens JaHshua die gebod tot in die kleinste toe vervul het, en wel vanaf Sy jeug, groei in Hom ook die liefde vir Elohim, sodat Hy ten slotte daarin kon opgaan. Die sonde het geen mag oor Hom gehad nie; want Hy streef daarna om van die aanvanklik sigbare weg van die naasteliefde, wat Hy kenbaar maak deur uiterlike werke, tot die innerlike, onsigbare weg in die liefde vir Elohim te kom.

[20] Elohim het Adam `n gebod gegee: **Onvoorwaardelike gehoorsaamheid.** Hy minag dit en val. Die mens JaHshua gee uit liefde vir Elohim aan Homself die gebod **om niks sonder die wil van die Vader te doen nie**, en daardeur word hy die **ligtende voorbeeld** ter navolging. Hy verwerf dus in homself die vlak wat Adam nie verwerf het nie, **en op die manier versoen Hy in sigself die Godheid,** wat in Haar gewydheid

gekwets was deurdat die gebod nie in ag geneem was nie.

[21] Die Wysheid het die gebod gegee; die Wil, die Krag het die vervulling daarvan verlang; die Liefde het die weg gevind om in die mens JaHshua die voorwaardes te vervul wat noodsaaklik was om die **vroeëre toestand van saligheid vir alle skepsele terug te bring**. In die feit dat hierdie weg, wat direk na Elohim lei, nou geopen is, en in die feit dat hierdie weg deur die Menseseun JaHshua vervul was, wat daardeur tot Elohimseun geword het, is die verlossing geleë. **Die sterf van JaHshua is die beseëling van die onvoorwaardelike gehoorsaamheid**. Dit was nie noodsaaklik nie; maar omdat die mensdom dit met haar onbegrensde vrye wil deur Lucifer se invloed verlang het, **onderwerp JaHshua Hom ook aan hierdie eis en sterf Hy liggaamlik.**

[22] Die verval van die een sonde in die ander bring `n steeds groter hardheid van die siel voort. Om die toestand uit te druk, spreek mens van **versteende harte.** Hoe ver dit kan gaan, is onafsienbaar. Die materie, die uiterlike lus, groei steeds meer, en vanselfsprekend verdwyn die bewussyn van `n geestelike steeds meer daarmee – wat die wesenlike kern van die siel is. Die verharding lei uiteindelik tot `n dierlike toestand, wat enkel **en alleen nog maar instandhouding en voortplanting ken**, sonder innerlike, geestelike vryheid. Slegs `n suiwer geestelike leer bied verlossing uit so `n toestand, wat tot `n sedelike bewussyn van die menslike waardigheid lei, en die leer word gegee in `n nie mis te verstane beknoptheid en in die grootste moontlike duidelikheid. Die opvolg daarvan laat die kettings van die materie afspring, maak die bande van die aardse genotsug los en lei ten slotte die materiële wense en begeertes na `n toestand van suiwer gewaarwording, as die ken van die kwaad, maar nie meer die ten uitvoer bring van die kwaad nie, omdat die eie ek steeds meer wegsmelt, terwyl die ek (egoïsme) andersins steeds meer uitgroei. Hoe meer dit verdwyn, des te losser (minder hard) word die boeie van die materie, om ten slotte nie meer as boeie gevoel te word nie.

[23] Die boom van die sonde word en kan dus slegs deur JaHshua gebreek word, omdat Hy in Homself die Gees van Elohim omsluit, wat reeds aan Adam die gebod gegee het, sonder dat hy dit uitgevoer het.

[24] Nou sal mens sê: Maar waar lê nou die bewys dat dit so is, en het die vroeëre leraars nie dieselfde volbring nie? Want wat hier gesê is, is onttrek van die menslike oog, **dit is `n innerlike proses,** waaroor niemand anders as JaHshua self kan berig nie, terwyl die uiterlike proses, die optree van `n voortreflike leraar en die se lewe en goeie leringe en ook sterwe, al baie voorgekom het. Hoe is die boom van die sondes nou werklik deur JaHshua gebreek en het die ander leraars net deur die blaredak gebreek? Van die uiterlike gevolge daarvan in die wêreld is nie veel te merk nie, **want die sonde bloei in die huidige tyd soos nog nooit tevore nie** - en anders as deur uiterlike kentekens kan die mensdom tog nie beoordeel nie!

[25] Ja, dit lyk of dit op die eerste oogopslag wel so is, maar by nadere beskouing - tog nie!

[26] Elkeen wat die innerlike weg gaan, sal weldra gewaarword hoe dit in werklikheid is. Die buitekant sê heeltemal niks; want dit is `n holle noot. **Wie die innerlike weg nie wil gaan nie, is nie te oortuig nie** en aan hom kan netso min `n beeld van die weg gegee word, soos wat dit onmoontlik is om vir `n blinde enige begrip van kleure by te bring. Hier beslis die resultaat. Die weg is daar; betree hom - en oordeel dan!

[27] **Sonder My, JaHshua, kan niemand tot die Vader kom nie**, en sonder die geloof in JaHshua het ook nog geen enkele wyse ooit die almagtige wese van Elohim gevoel as die Oerbron van alle liefde nie, wat Hom persoonlik kan manifesteer. **Slegs in JaHshua word die onpersoonlike persoonlik,** en die vereniging van hierdie twee in die menslike vorm maak die nadering moontlik van die skepsel tot die Skepper, die opgaan van die materie in die gees, die terugbring van die ontstane sondereeks opwaarts verby die skeidingswand van materie en gees, as punte wat mekaar andersins onmoontlik kon raak - **en die brug is die lewe van JaHshua.**

[28] Nou ontstaan dus die vraag: hoe ver kon die gestorwe siele vóór die dood van die Menseseun eintlik gekom het?

[29] Hulle kon natuurlik, na gelang hulle `n gegewe leer gevolg het van die leraars wat al vroeër opgetree het, tot insig en ook tot saligheid in hulleself kom, maar natuurlik **nie tot die aanskoue van die gepersonifieerde Godheid nie**.

[30] Die het vir die eerste keer gebeur gedurende die tyd toe die liggaam van JaHshua in die graf gelê het. Die suiwer aardse liggaam het daar gelê, terwyl die siel met die inwonende Gees van Elohim oorgegaan het en Hom daar aan almal getoon het as dié Een wat Hy is en was.

[31] Dit sal hier net aangedui word. Later sal egter ook onthul word wat daar presies gebeur het.

[32] Met die sig-openbaring in die geesteswêreld **ontstaan die bou en die bevolking van die nuwe Jerusalem as die stad van Elohim**, en dit sal tot in ewigheid bly bestaan.